



# **TOERISME**

**GRAAD 11**

**HERSIENINGSVRAE**

**KWARTAAL 3**

**ONDERWERP: PLAASLIKE, STREEKS EN  
INTERNASIONALE TOERISME**

**INHOUD: STREEKSTOERISME**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige ECDoE provinsiale eksamen vraestelle verkry.


Hierdie dokument bestaan uit 7 bladsye.

## ONDERWERP: PLAASLIKE, STREEKS EN INTERNASIONALE TOERISME

### INHOUD: STREEKSTOERISME

NOV 2014 EC  
VRAAG 8


8.1 Bestudeer die kaart van die SAOG-Lidlande en beantwoord die vrae.



- 8.1.1 Gee die naam van die lughawe van die hoofstad van die land, gemerk **C**. (1)
- 8.1.2 Gee die naam van die hoofstad van die land gemerk **D**. (1)
- 8.1.3 Gee die naam van die grenspos wat deur toeriste gebruik word tydens hul reis per pad tussen Suid-Afrika en die land gemerk **B**. (1)
- 8.1.4 Gee die naam van die hawe in die land gemerk **A**, wat deur passasiersskepe gebruik word. (1)
- 8.2 Die oorkoepelende organisasie, RETOSA, se 15 lede van die SAOG streef daarna om toerisme-aankomste te verhoog deur die bemerking van die SAOG streek as deel van die Afrika-kontinent, as 'n enkele bestemming met baie diverse toerisme-aantreklikhede.
- 8.2.1 Skryf die akroniem 'RETOSA' volledig uit. (2)
- 8.2.2 Bespreek, in 'n paragraaf, die ekonomiese voordele vir SAOG-lidlande om 'n streekstoerismebestemming van voorkeur te word. (4 x 1) (4)

**NOV 2015 EC  
VRAAG 8**

8.3 Bestudeer die kaart van die SAOG-lidlande en beantwoord die vrae.



- 8.3.1 Gee die naam van die hoofstad van die land gemerk **A**. (1)
- 8.3.2 Skryf die letter en naam van die land wat toeriste besoek, indien hulle by die grenspos in die stad Antananarivo arriveer, neer. (2 x 1) (2)
- 8.3.3 Skryf die letter en die naam van die land neer wat oos van Angola geleë is. (2 x 1) (2)

8.4 Lees die RETOSA uittreksel en beantwoord die vrae.


“Hoe meer ons van mekaar se toerismeprodukte en erfenis weet, hoe beter sal ons in staat wees om mekaar te bemark, wat uiteindelik tot verbeterde toerisme tussen lidlande sal lei.”

[RETOSA Uitvoerende direkteur, Francis Mfune]

- 8.4.1 Noem die inter-regeringsorganisasie waarna mnr. Mfune in die uittreksel verwys. (1)
- 8.4.2 Verduidelik die verband tussen RETOSA en die organisasie waarna in VRAAG 8.4.1 verwys is. (2)
- 8.4.3 Skryf ’n paragraaf waarin jy TWEE ekonomiese voordele vir Suid-Afrika om streekstoerisme te verhoog bespreek. (2 x 2) (4)

NOV 2016 EC  
VRAAG 8


8.2 Bestudeer die kaart van die SAOG-lidlande en beantwoord die vrae.



- 8.2.1 Gee die naam van die land gemerk **C**. (1)
- 8.2.2 Gee die naam van die hoofstad van die land gemerk **D**. (1)
- 8.2.3 Skryf die letter en naam van die land neer wat suidwes van Zimbabwe geleë is. (2 x 1) (2)
- 8.2.4 Skryf die naam van die land en die grenspos hawestad gemerk **A** wat toeriste tydens 'n MSC luukse toerskipvakansie sal besoek. (2 x 1) (2)

**NOV 2017 EC  
VRAAG 8**


8.3 Bestudeer die kaart van die SAOG lidlande en beantwoord die vrae.



- 8.3.1 Benoem die land aangedui as **D**. (1)
- 8.3.2 Benoem die hoofstad van die land aangedui as **E**. (1)
- 8.3.3 Skryf die letter van die land wat toeriste sal besoek as hulle in die poort Dodoma aankom. (1)
- 8.3.4 Noem EEN tipe vervoer waarvan ontspanningstoeriste van Suid-Afrika hoofsaaklik gebruik sal maak as hulle beplan om die land aangedui as **A** te besoek. (1)
- 8.4 Om in Suidelike Afrika te reis is 'n onvergeetlike ervaring. Dit is 'n streek van uiterstes – 'n wêreld in 15 lande.
- 8.4.1 Benoem die SAOG liggaam verantwoordelik vir die ontwikkeling van toerisme en streeksbestemmings-bemaking in die 15 Suider-Afrika lande. (2)
- 8.4.2 Bespreek EEN voordeel van streekstoerisme vir die SAOG lidlande. (2)

NOV 2018 EC  
VRAAG 8

8.2 Bestudeer die kaart van die SAOG-lidlande en beantwoord die vrae.




8.2.1 Noem die land gemerk E. (1)

8.2.2 Noem die hoofstede gemerk A, B, C en D. (4 x 1) (4)

8.2.3 Identifiseer die hoofpoort gemerk F. (1)

8.3 Bestudeer die onderstaande logo's en beantwoord die vrae.




8.3.1 Noem die SAOG-liggaam wat met die nasionale toerisme organisasies hierbo saamwerk ten einde inkomende toerisme na Suidelike-Afrika te bevorder. (2)

8.3.2 Verduidelik hoe SAOG-lidlande sal baat deur samewerking om inkomende toerisme na Suidelike-Afrika te verhoog. (2)

**NOV 2019 EC  
VRAAG 8**

8.2 Bestudeer die kaart van die SAOG lidlande en beantwoord die vrae.



- 8.2.1 Benoem die lande gemerk **A**, **C** en **E**. (3 x 1) (3)
- 8.2.2 Benoem die hoofstede gemerk **B** en **F**. (2 x 1) (2)
- 8.2.3 Gee die naam van die hoofpoort wat deur mense van die land gemerk **D** gebruik word om Suid-Afrika binne te kom. (1)